
# 297 Middelpunt van ons verlange




Jesus, al u angs en smeking, eensaam in Getsemané;
dit was liefdevol bereken om ons sielerus te gee.
Trou het U, die Sondelose, self u kruis na Golgota
tot oorwinning oor die Bose en die sondemag gedra.

Heiland, U’s van ons verlange middelpunt en verste vlug,
deur verlatenheid en angste lei U ons na God terug.
Deur u liefde wek U liefde, leer U ons ons naaste min
en laat groei in ons die vreugde van ‘n nuwe lewensin.

U, die Leidsman in ons lewe, leer ons kwaad oorwin deur goed;
bly u eer ons eerste strewe, kom daar rus in ons gemoed!
Hoe is ons aan U verbonde, Jesus, Redder, Seun van God!
Dankbaar juig ons hart en monde oor ons glorieryke lot!

Rutger Schutte (1708-84) Duits (1688) / Hernnhut (1735)